

Totstandkoming van Krugermunument Pretoria

Deur Ronel Theart.

Die Krugerstandbeeld is 'n standbeeld op die middelpunt van Kerkplein, Pretoria, ter ere van die oud-president Paul Kruger. Die standbeeld is deur Anton van Wouw ontwerp en die projek is oorspronklik deur Sammy Marks gefinansier. Alhoewel die beplanning vir die standbeeld reeds in 1895 begin is, is die beeld as gevolg van die Tweede Vryheidsoorlog en ander ontwikkelinge eers in 1913 opgerig, in Prinspark, Pretoria. Dit is in 1925 geskuif na die plein voor Pretoria se hoofstasie en in 1954 na sy huidige staanplek op Kerkplein.

In Augustus 1895 was die Krugerregering nie baie gewild onder die buitelandse mynbestuurders en groot kapitaliste in Johannesburg nie. Paul Kruger is deur sommige beskryf as outokraties, bekrompe en haas onbeskaaf; gerugte het die rondte gedoen dat die "oligargie" (soos die regering bekend gestaan het) in Pretoria omvergewerp sou word. Sammy Marks, 'n nyweraar wat sy fortuin uit die Suid-Afrikaanse, en in die eerste plek die Transvaalse, bodem gehaal het, was 'n groot aanhanger van Paul Kruger: hy het die President gesien as die verpersoonliking van die Afrikanervolk, die man wat, vir alle geslagte in Afrika, sou bly wat George Washington vir die Verenigde State was. Sy bewondering vir Kruger en dankbaarheid vir 'n land wat hom weelde besorg het, het hom aangespoor om 'n standbeeld van Kruger op te rig.

Op 20 Augustus 1895 raadpleeg Marks sy hoofboekhouer. 'n Brief word aan die President en Uitvoerende Raad gerig waarin hy berig dat hy besluit het om die stad Pretoria met £10 000 te begiftig, op voorwaarde dat daar uit dié fonds 'n marmerstandbeeld van president Kruger opgerig moet word, op 'n plek wat Kruger self sou aanwys. Marks het egter versoek dat "indien mogelyk", die bestelling van die standbeeld aan hom opgedra moet word en het geskryf dat hy bly sou wees om so spoedig moontlik te verneem op wie se naam en in watter bank hy die geld moes deponeer.

Op 5 September het hy 'n antwoord ontvang: die Regering het hom "voor deze rijke gift" bedank en hom meegedeel dat Kruger Burgerspark as 'n geskikte plek vir die standbeeld beskou en dat hy verkies dat die balans van die geldsom bestee sou word aan die oprigting van die dieretuin in Pretoria. Die hoofde van die onderskeie staatsdepartemente en ander hoofamptenare van die Republiek het die voorgename standbeeld bespreek. Dr. N. Mansvelt, die Superintendent van Onderwys en 'n kunskenner, het genoem dat brons miskien meer geskik as marmer sou wees aangesien marmer moontlik nie teen die sterk temperatuurveranderinge van die Transvaalse klimaat bestand sou wees nie. Hy het ook voorgestel dat, ten spyte van Marks se versoek om self die standbeeld te bestel, dié stap tog in oorleg met die regering moes gebeur. Marks was dit met Mansvelt eens en het na 'n kort periode, met die Regering se goedkeuring, op 'n kunstenaar besluit: Anton van Wouw, 'n totaal onbekende figuur in die kunstenaarswêreld besluit..

Die Hollandse Anton van Wouw het as 'n jong man in 1889 na die Suid-Afrikaanse Republiek gekom en hom in Pretoria gevestig. Hier is hy na 'n tydperk as winkelklerk, aangestel om tekenklasse in die staatsgimnasium en die bestaande skool vir meisies te gee. Hy het, nes Marks, 'n groot bewondering vir president Kruger gehad. Die president se manel en keil was vir hom 'n onafskeidbare deel van die President - hy sou later deur kritici geroskam word omdat hy Kruger nie sonder keil of hoed uitgebeeld het nie. Daarop het hy geantwoord: "So" - sonder sy gebruikelike hoofbedekking - "het ek hom nie geken nie! Maar met die manel en die keil, ja, "so het ek hom geken!"

'n Aspek wat Van Wouw opgeval het van pres. Kruger, was sy ongekunsteldheid en sy "alledaagsheid". Kruger het op sy stoep, waar mense van sesuur die oggend hom kom besoek het en nie noodwendig oor staatsake gepraat het nie, maar om raat vir 'n siek bees te kry of troos te soek vir 'n verlies wat hulle gely het. Vir Van Wouw was Kruger die hoeksteen van die onafhanklikheid en hy wou hierdie "alledaagse" eienskappe van die president ook aan die lig stel in sy monument.

Sy sketsmodel het Kruger in sy gebruikelike formele drag as staatshoof uitgebeeld, rustig staande op 'n hoë voetstuk, in wat Van Wouw beskou het as 'n vaderlike houding. Kruger se beeld was omring deur vier gewapende burgers, twee uit die Voortrekkertyd en twee uit Van Wouw se tyd, wat in die vier windrigtings rondom die sentrale Krugerfiguur brandwag staan. Dit was vir Van Wouw belangrik dat die burgers nie in die stereotipiese houding van afgerigte soldate op aandag staan nie, maar soos tipiese burgerkrygers: sittende, maar waaksaam. Vir Van Wouw sou Kruger, as die sentrale figuur, die simbool wees van die sentrale posisie wat hy as vader in die hart van sy volk inneem en ook van die Republikeinse vryheidsgedagte.

Marks het die sketsmodel besigtig en ook lede van die Volksraad en Uitvoerende Raad van die Republiek uitgenooi om dit te aanskou. Die model is goedgekeur en op 7 Oktober 1896, meer as dertien maande na die skenking, het Marks, na oorleg met onder andere Kruger en Van Wouw, vir Van Wouw skriftelike opdrag gegee om na Europa te vertrek om die werk in Frankryk of Italië onder sy toesig te laat uitvoer. Hy is tot 1 April 1898 gegun, waarna hy na Pretoria moes terugkeer om toesig oor die oprigting van die monument te hou. Van Wouw sou 'n salaris van £40 per maand vir 'n tydperk van nie langer nie as twee jaar ontvang, asook vergoeding van alle koste wat hy in verband met die maak en giet van die beelde mog hê. Verder sou hy, sy vrou en kind, ook vrye reispasse na en van Europa bekom, asook na plekke in Europa wat hy met die oog op die uitvoering van sy werk moes besoek.

Teen Desember 1896 was Van Wouw reeds in Europa, waar hy die Gesant van die Republiek en gesaghebbendes in die modelleer- en gietkuns in Nederland geraadpleeg het oor sy voorgenome skepping. Die Gesant van die Republiek, dr. G. J. T. Beelaerts van Blokland, het beswaar geopper teen die keil op die beeld se kop, omdat dit 'n voortdurende skaduwee oor die figuur se gelaat sou werp en die gelaatstrekke daarvan dan sou verskuil. Van Wouw wou egter onder geen omstandighede toegee nie - dit was vir hom ondenkbaar dat sy hooggeagte president Kruger kaalkop onder die warm son van Afrika sou staan; Transvaalse Boere was feitlik sonder uitsondering hoeddraers.

Die enigste wenk van die Gesant wat, sover bekend, by Van Wouw aanklank gevind het, was om 'n passende teks op een van die vlakke van die voetstuk aan te bring. Die Gesant het die laaste twee verse van Psalm 91 voorgestel:

"Hij zal Mij aanroepen, en Ik zal het verhooren; in die benauwdheid zal Ik bij hem zijn; Ik zal er hem uittrekken, en zal hem verheerlijken. Ik zal het met langheid der dagen verzadigen, en Ik zal hem mijn heil doen zien."

Volgens die Gesant was dié teks op besondere toepassing van Kruger, maar Kruger was nie gelukkig met 'n lofspraak wat op homself van toepassing is nie, al kom dit ook uit die Bybel. Dit was in stryd met sy lewensopvatting dat alle eer aan God gegee moes word en nie aan die mens nie. Hy het dus die wens uitgespreek dat in plaas van die voorgestelde teks, die woorde van Psalm 105 verse vier en vyf op die voetstuk uitgebeitel word:

"Vraagt naar den Heere en zijne sterkte; zoekt zijn aangezicht geduriglyk. Gedenkt zijner wonderen, die hij gedaan heeft, zijner wondertekenen, en der oordeelen zijnz monds."

Weens die omstandighede waaronder die monument later opgerig is, is aan hierdie wens egter nooit uitvoering gegee nie en het daar op die voetstuk nooit 'n teks verskyn nie.

Skets van die oorspronklike voorstelling van die Krugermontument en nie soos ons die monument vandag ken nie. (Skets: Universiteit Pretoria Kuns Argief – Anton van Wouw versameling)



THE KRUGER LEGACY

COMMEMORATION OF BICENTENARY OF SJP KRUGER

200 YEARS OF
Stephanus Johannes Paulus Kruger

8th October 2025

09h00-10h00
Guided tour of the Old Raadsaal, Church Street

10h00-11h00
Guided tour of the SJP Kruger Statue

11h00-11h30
Presentation

12h00
Refreshments at DITSONG: Kruger Museum

12h30
Official launch of the newly painted Post Box



Postage stamps available at R10.00 each

THE KRUGER LEGACY

DITSONG KRUGER MUSEUM PRESENTS:

200 YEARS OF
Stephanus Johannes Paulus Kruger

Opening of an Exhibition
In collaboration with the SA Post Office Museum

Venue : Old Raadsaal, Church Street

10 October 2025 at 10h00

Light refreshments will be served.

Enquiries : Matildas@mitsong.org.za
RSVP by 3 October 2025

Safe Parking opposite Kruger Museum at the Church, @ R10.00 per vehicle



Postage stamps available at R10.00 each



High School Actors > 21&23 NOV R80
Primary School Actors > 22 NOV R60 @ The Rabbit Studio

the RABBIT

Klaar Steyn's
CINDERELLA
a Musical Comedy

MAIN SHOWS (Adult Actors) R100
27 - 29 NOVEMBER

TICKETS from 10 Oct @ rabbithouse.co.za/events



50^{ste} BESTAANSJAAR!
50 DANS!

Saterdag 11 Okt 2025 18:00

TEMA GOUD & SWART
Paarl-stadsaal * Bring eie spys & drank

slegs **Quicket.co.za**
R150 Details taalmuseum.co.za




NAVAL HILL PLANETARIUM

Sat 25 Oct 19:00

Narrator **Neil deGrasse Tyson**

DARK & UNIVERSE

watch this space a live presentation in English with Natalie Matchett

COMPUTER!

T: +27 51 401 9111 | E: info@ufs.ac.za | www.ufs.ac.za





JUAN BOUCHER

ALBUM BEKENDSTELLING @ DORINGDRAAD, DEBEN



08 NOVEMBER 2025, 19H30
KAARTJIES: ☎ RACHEL 073 237 4566
PLEK: STERREDAK TEATER DEBEN

SPRINGBOKKE VS FRANKRYK GAME SAL NA DIE SHOW
GEWYS WORD OP 'N BIG SCREEN

Somer Langtafel Kuier!

Soetfontein Gasteplaas

Saterdag - 11 Oktober 2025 - 18:30

DRAG: " ALL IN WHITE "


Koste: R350 / persoon



Rsvp: 7 Oktober 2025

Besprek: Louise Whatsapp 0828889547

Kom geniet n Aand vol Lekkerte en verrassings!



Winton Guest farm

Winton offers a unique, rustic, true farm atmosphere and will happily assist with the planning of all aspects of your special occasion.

Passion, commitment and dedication is at the core of everything we do.

We would love to meet you as a potential client and have you leave as a friend.



- The Guest House has 3 bedrooms plus open plan room (sleeps 11) & 2 bathrooms & outside toilet & shower
- The original farm house hosts 5 bedrooms (sleeps 10) and 2 bathrooms.
- 3 Family rooms - sleeps 4,6,8 with bathrooms
- "Die Sandhuisie" is perfect for a romantic getaway. The Ideal start to a perfect honeymoon.



Weddings

Beautiful Memories

Winton offers a romantic setting for your perfect wedding

Telephone: 083 794 0375
Email: info@winton.co.za
koosvz@isat.co.za
www.winton.co.za





NEW IN KURUMAN

NOA
Accountants
NATAISHA OLIVIER CA (SA)

nataisha@noacc.co.za

060 350 5707

Soetfontein Guest Farm



Soetfontein Guest Farm is a turn of the century family-owned farm offering a traditional farm-style stay. Here guests will experience the peace and quiet of the countryside and the relaxing atmosphere, amidst the Kalahari Bushveld, the ideal location to switch off from your daily routine. Making it a memorable location for accommodation bookings, planning your perfect function or wedding.

Contact: 0828889547 / 0828084168, www.soetfontein.co.za, reservations@soetfontein.co.za

Bloem-Familie 25 Oktober 2025 Trekkerfees

Ferreira Museum, Speserylaan 16, Quaggafontein, Bloemfontein

- Verskeidenheid uitstallers
- Trekkerploeg en Trekkerparades
- Stoomenjin en antieke enjins
- Kabouterbraai vir kinders
- Ystersmid demonstrasies

Pretdag vir die hele gesin!! Hekke open 08:00 - 16:00

Navrae: Rudie - 082 815 1727
Jaco - 079 892 1265 / Eric - 081 436 0829

Engo

Eternal hope • Ewige hoop • Tshapo esafeleng



PROJECT OF HOPE 2025

Stand a chance to win a **Renault Kwid Climber** to the value of R222 000.

Minimum of R50 donation
Closing date: 30 September 2025
Draw of winner by 31 October 2025

Tickets available online at www.engo.co.za or at any participating Engo programme.

EVOLVE
AUDIT & ADVISORY

novus
media community news

ELSABE DE JAGER IN GESPREK MET BARNARD BEUKMAN

Kom hoor wat in die gange en raadsale van **BEELD** afgespeel het.

BARNARD BEUKMAN
Die (vreemde) einde van 'n koerant

Ons is **Beeld**

SATERDAG 4 Oktober 10:00
NALN BLOEMFONTEIN
r/v Charlotte Maxeke- en Pres. Brandstraat

RSVP: vriendevannaln@gmail.com of jannes@naledi.co.za

UPINGTON SUMMER TRIATHLON

Waterfront Guest House & Venue 1 November 2025

Proudly Powered by **UPINGTON**



UST CHALLENGE	HALF UST	JUNIOR UST	KIDDIES UST
🚴 50km 🚴 10km 🏃 10km	🚴 50km 🚴 10km 🏃 10km	🚴 15km 🚴 10km 🏃 5km	🚴 15km 🚴 10km 🏃 5km
R250 individual entry R1000pp team entries	R300 individual entry R2500pp team entries	R250 individual entry R2500pp team entries	R150 individual entry

INFORMATION & ENTRIES

- entryninja.com (Search: Upington Summer Triathlon)
- 072 082 5070 (Jana)
- Registration 31 October from 16h00 at Race Venue
- Entries close 26 October 2025 at midnight

Enter before 1 October to receive **two event socks**
Add an event shirt to your entry for R200
Goodbye for the 15th member



Kalahari Mud Challenge

MUD, MEMORIES & MAYHEM: COME JOIN THE FUN!

- Stalletjies
- Kos verkope
- Hindernisbane
- Go Karts

10 - 17jr
R 50

2 - 9jr
R 20

18 - 99jr
R 80

6 Desember 2025

Verskillende tydslotte beskikbaar

@ Kathu Perdeklub

KONTAK

Lisa Marie @ 083 505 1711

o o o o

KALAHARI MUD CHALLENGE
WESFRONTVABYT

HOU DIE SPASIE DOP VIR ONS

Wesfrontvasbyt

23-26 Oktober

Paardeberg

60 km in 4 dae

R950 p.p.

Navrae: Cara 072 439 2593

www.fak.org.za

NG KERK VANZYLRSUS
BIED AAN

VOLWASSENES EN HOERSKOOI KINDERS R100

LAERSKOOI KINDERS R50

MAKIETIE DAG

DATUM: 4 OKTOBER 2025
PLEK: PLAAS KEESI
TYD: 8:30

STALLETJIE AANSOEKE NOU OOP!

VIR STALLETJIE NAVRAE KONTAK: JANÉLE - 060 654 9042

QUARTER MILE RESIES STALLETJIES
LAM SPIT EN BRAAIVLEIS
KONTANT KROEG
KINDER VERMAAK

BRING JOU KAMPSTOEL EN KOM KUIER SAAM!



Thursday, October 30, 2025 at 7 PM

Nataniël & Orkes

Public · Event by Francie Hanekom Poolman

Artebella
KUNSSKOOI



KALAHARI VERFKWAS

AKRIEL-WERKSWINKEL

8 OKTOBER
8:30 - 16:30

Kerksaal, Vanzylsrus

R650 - R700

ALLE KUNSBENODIGHEDE WORD VOORSIEN
PLEK VIR 12 PERSONE

BESPREEK VOOR 16 SEPTEMBER:
KAREN VISSER - 082 557 7413

Artebella
KUNSSKOOI



Kinder- Kuns

Gr.4-7

Verfkwaspret

9 Okt
8:30 - 12:30

Alle kunsbenodighede ingesluit
Plek vir 6-8 kinders

Kerksaal, Vanzylsrus

Inskrywingsfooi
R250
per kind

Bespreek voor 16 September:
Karen Visser
082 557 7413

WOBBLY PLATES
Don't expect perfection



Pottery studio
083 402 8407

We will be hosting a glaze session at the Van Zylsrus art week.

Please join us and the other artists by booking a spot and be part of this initiative.

WHEN : 7 OCTOBER 2025 @ 14:00

WHERE: Vanzylsrus, Church Hall

COSTS: R230 pp INCLUDING: GLAZES, ITEM AND KILN WORK

Bring your friends and enjoy a fun afternoon painting, sponging or stencilling with us. Only 12 spaces available for the day

** Firing will be done at our Kathu studio and could be collected or courier(arranged by you)

KIDS WELCOME

BOOKINGS: KARLIN GROBLER 083 602 8607

Artebella
KUNSSKOOI



Driekuns

R150

Drie lekker kort kunsaktiwiteite word aangebied
Alle kunsbenodighede word voorsien

7 Oktober
14:00 - 17:00

Kerksaal, Vanzylsrus

Plek vir 12 persone
Bespreek voor 16 September:
Karen Visser - 082 557 7413

Kunsweekprogram – 7 tot 9 Oktober 2025

The land art vulture project will start on 29th September and end on 12th of October, D.V.

PC Janse van Rensburg and Anni Snyman will be directing the project.

29 Mon	30	1	2	3	4 Sat	5	6 Mo	7	8	9	10	11	12 Sun	Vulture project. Helpers welcome. Free opportunity.
					Dedication vulture event			7 Tue	8 Wed	9 Thu				Kunsweek (3 dae) Art week (3 days)

Please note:

- You are responsible for your own **transport, accommodation and dietary requirements.**
- Hotel **lunch** parcels can be ordered during the art week. Information will be supplied at the venues. (There is a shop where you can buy fresh bread, etc.)
- Bring your own **pencil case**: HB-pencil, sharpener, eraser, art knife, 30-cm ruler, a pair of scissors, glue, A4-clipboard and a book you can scribble in. *Special items during workshops will be supplied by the art teachers.*
- Bring an outdoor **chair** and a wide-brimmed **hat** if you want to join us for the *plein* air-session on the 9th of October.
- You have to contact the art teachers and book your place in advance** (and pay a deposit). *WhatsApp is fine.* Their cellphone numbers are at the bottom of the programme. (They are all fantastic people from all over South Africa!)
- Please pay your registration fee: R150 per adult.** (If you register before 7 September, it will be **R120** per adult.) High schoolers pay **R100** registration fee and primary schoolers will pay **R50** registration fee. Once you have paid into the account below, please send an e-mail to pieter.abraham@gmail.com in which you **clearly provide the names** of the adults, high schoolers or primary schoolers for which you have paid. (The registration fee helps us monitor the number of people, rent the venues, pay the cleaners and helpers ...)
- If you are **not enrolling for any paid art activities**, you do **not pay a registration fee.** *Just come and enjoy the art vibe. (Smile!)*

Name: Bridge Co Creators (PTY) LTD
Bank: First National Bank
Account number: 63167831883
Branch code: 250655
Swift code: FIRNZAJJ

7 – 10 – 2025	Dinsdag 7 Oktober	Tuesday 7 October
NGK-saal	Oggend (8:30 – 12:30) Koffie en tee: 10:15 – 10:45	Afternoon (14:00 – 16:30) Coffee and tea: 15:15 – 15:30
(Betaal vir jou klas.)	Pieter Pienaar en Cryselda Venter Kunskennis (R150) Met kort oefeninge.	Vrolike kunskennistoepassings Gratis sandbokswoorde wat Ida gaan lei. (10 Min)
Volwasse en hoërskoolleerders	Kunsgeskiedenis	Ida Hutton – Maak 'n papierblom (gratis) 12 plekke beskikbaar
	Tekenkuns en tekeninge	Karen Visser – Driekuns (R150) 12 plekke beskikbaar
	Kunselemente en ontwerpbeginsels	Karlin Grobler Wobbly Plates – Versier ornamentele bisqueware (R230) (Bak van die ornamente in oond op Kathu.) 12 plekke beskikbaar
	Ons sal so 60 - 70 mense kan hanteer met almal se samewerking.	Lizel Lubbe – Arts & Craft (R250) 12 plekke beskikbaar
		Cryselda Venter – Waterverf (pen en ink) (R200) 12 plekke beskikbaar
		Pieter Pienaar – Teken- en spuitverfpret (R150) 12 – 15 plekke beskikbaar
NGK-saal	Oggend (8:30 – 12:30) Koffie en tee: 10:15 – 10:45	
Laerskoolleerders (Betaalde klas)	Lizel Lubbe – Verskeie vrolike kunsaktiwiteite en speletjies. (R200)	
NGK-saal Pottebakkerij	Shane Mayongo 3 volle dae (R1 000) 3 full days (R 1000)	As jy hierdie pottebakkerijkursus kies, kan jy nie ander kursusse volg nie. About 20 – 30 people can attend.

Gemeenskapsaal Community hall	Oggend (8:30 – 12:30) Koffie en tee: 10:15 – 10:45	Afternoon (14:00 – 16:30) Coffee and tea: 15:15 – 15:30
“Van Zyls Co-Creative Bricolage Sculpture Park”	Carol Preston will direct the bricolage creative process. Free of charge to any interested parties. (Participants will receive a short course and then be grouped most probably.)	Carol would welcome volunteers with their toolboxes. You can do weird and wonderful things.
Kinderklasse	Ida Hutton – Grades 4 & 5 Gratis “kunspret” vir die plaaslike skool se kinders in die oggend. Sy sal gretige kinderliefhebber-helpers verwelkom.	
8 – 10 – 2025	Woensdag 8 Oktober	Wednesday 8 October
NGK-saal	Oggend (8:30 – 12:30) Koffie en tee: 10:15 – 10:45	Afternoon (14:00 – 16:30) Coffee and tea: 15:15 – 15:30
(Betaal vir jou klas.)	Jy kies jou medium – vir hele dag.	
Volwassenes en hoëskoolleerders	Karen Visser – Akriel (R650 – R700 alle materiaal ingesluit.) 12 – 15 plekke beskikbaar	Karen Visser
	Cryselda Venter – Waterverf (R650 – R700 alle materiaal ingesluit.) 12 – 15 plekke beskikbaar	Cryselda Venter
	Izak Vollgraaff (en Pieter Pienaar) – “Oop afdeling” en verdere tekenkunsaktiwiteite en interessante toepassings; 4 aktiwiteite. (R400) 20 – 30 plekke • Houtskoolstillewe en moontlike portretstudie ... • Gemengde media skets ... ens.	Pieter Pienaar, Izak Vollgraaff en Lizel Lubbe

	<i>Indien daar genoeg belangstelling is, kan ons ‘n olieverfklas ook beskikbaar stel. ‘n Nat olieverfskildery “reis” nie maklik nie. (As jy bv. ‘n olieverskildery het waarmee jy sukkel, bring al jou toerusting en verf saam, ons help graag. R200)</i>	
NGK-saal	Oggend (8:30 – 12:30) Koffie en tee: 10:15 – 10:45	
Laerskoolleerders (Betaalde klas)	Lizel Lubbe - Verskeie vrolike kunsaktiwiteite en speletjies. (R200)	
NGK-saal Pottebakkery	Shane Mayongo 3 volle dae (R1 000) 3 full days (R1000)	As jy hierdie interessante pottebakkery kies, kan jy nie ander kursusse volg nie. About 20 – 30 people can attend.
Gemeenskapsaal	Oggend (8:30 – 12:30) Koffie en tee: 10:15 – 10:45	Afternoon (14:00 – 16:30) Coffee and tea: 15:15 – 15:30
“Van Zyls Co-Creative Bricolage Sculpture Park”	Carol Preston will direct the bricolage creative process. Free of charge to any interested parties. (Participants will receive a short course and then be grouped most probably.)	Carol would welcome volunteers with their toolboxes. You can do weird and wonderful things. Tell all your handy friends, Carol needs them.
Kinderklasse	Ida Hutton – Grades 6 & 7 Gratis “kunspret” vir die plaaslike skool se kinders in die oggend. Sy sal gretige kinderliefhebber-helpers verwelkom. Tell your friends they can come and help.	
Van Zylsrus Hotel	(10:00 – 12:00) Gratis. Storie-oggend vir oud en jonk. Persone van die omgewing en die omliggende dele kom bymekaar en deel staaltjies van die area. Die stories sal digitaal opgeneem word vir moontlike verdere verwerking. <i>Onderhewig aan verandering.</i>	Gratis – Boekenessie(Book nest) Plaaslike skrywers en digters vergader. (14:00 – 16:30) Free – Local writers and poets meet. Chummy de Bruin will lead and co-ordinate the event.

Van Zylsrus Hotel	<i>Please note that these interesting (free) activities which we added, are for the benefit of the: spouses, friends and all the locals who will not be participating in the art classes. There is no reason to be bored!</i>	Evening: Kuns- en Juweliersuitstalling – kaas en wyn. R200 per kaartjie. Art and Jewellery exhibition – cheese and wine. R200 per ticket.
9 – 10 – 2025	Donderdag 9 Oktober	Thursday 9 October
NGK-saal	Oggend (8:30 – 12:30) Koffie en tee: 10:15 – 10:45	Afternoon (14:00 – 16:30) Coffee and tea: 15:15 – 15:30
(Betaal vir jou klas.)	Teken en verf in die buitlug. (R250) - Jy gaan 3 x 30 minuut-werkies op plekke skep met verskillende media. Jy neem ook 'n foto met jou selfoon van elke toneel wat jy vasvang. - Na teetyd help ons mekaar om die werke klaar te maak of ons skep 3 nuwes deur die foto's te bestudeer. (In the case of rain, we will have drawing and painting activities planned.)	Free group art activities! Selfie walls. Put the work up and have an exhibition? Ons kuier en sluit af.
NGK-saal	Oggend (8:30 – 12:30) Koffie en tee: 10:15 – 10:45	
Laerskoolleerders (Betaalde klas)	Karen Visser – Akrielverf vir laerskoolleerlinge (Gr 4 – 7). (R250 en alle kunsbenodighede ingesluit.) Ptek vir 6 tot 8 kinders.	
	Lizel Lubbe - Verskeie vrolike kunsaktiwiteite en speletjies vir kinders wat nie die akrielverfklasse wil doen nie. (R200)	
NGK-saal Pottebakkerie	Shane Mayongo 3 volle dae (R1 000) 3 full days (R1 000)	As jy hierdie interessante pottebakkerie kies, kan jy nie ander kursusse volg nie. About 20 – 30 people can attend. Potters finish their creations.

Gemeenskapsaal	Oggend (8:30 – 12:30) Koffie en tee: 10:15 – 10:45	Middag (14:00 – 16:30) Coffee and tea: 15:15 – 15:30
“Van Zyls Co-Creative Bricolage Sculpture Park”	Carol Preston will direct the bricolage creative process. Free of charge to any interested parties. (Participants will receive a short course and then be grouped most probably.)	Carol would welcome volunteers with their toolboxes. You can do weird and wonderful things. Exhibition day! We are considering a LIVE BROADCAST. Assist if you can.
Kinderklasse	Ida Hutton – Grades 8 & 9 Gratis “kunspret” vir die plaaslike skool se kinders in die oggend. Sy sal gretige kinderliefhebber-helpers verwelkom. Exhibition day!	

Bel gerus die aanbieders as iets onduidelik is. Hier is hul nommers en hulle sal ook verdere advertensiemateriaal kan verskaf. Daar is ook video's en pamflette beskikbaar.

- Carol Preston – 079 192 5858 (**Pretoria**: Sculptor and director of process at the bricolage sculptor park)
- Chummy de Bruin – 079 493 6723 (**Van Zylsrus**: Skrywer; organiseerder van die skrywers- en digtersmiddag)
- Cryselda Venter – 073 333 5550 (**Jeffreysbaai**: “All-rounder artist”; waterverfaanbieder en juweliersuitstaller)
- Ida Hutton – 082 772 9388 (**Postmasburg**: Kunstenaar; kinderkuns-aanbieder en leier by die gemeenskapsaal)
- Izak Volgraaff – 082 468 4794 (**Kaapstad**: Ilustreerder en kunstenaar; teken en olieverfklas-aanbieder)
- Karen Visser – 082 557 7413 (**Keimoes**: Kunstenaar; akrielverfaanbieder vir volwassenes en kinders)
- Karlin Grobler – 083 602 8607 (**Kathu**: Keramiekkunstenaar; keramiek-verf-en-glasuur-aanbieder)
- Lizel Lubbe – 072 222 0450 (**Kathu**: Grafiese ontwerper en kunstenaar; kinderkuns- en speletjie-aanbieder)
- Pieter Pienaar – 083 585 3512 (**Doringdraai-area**: Kunstenaar en skrywer; Tekenklasaanbieder en kunsweekorganiseerder)
- Shane Mayongo – 060 561 1135 (**Upington**: Ceramist; A 'complete' 3-day mini pottery course presenter – pit firing technique)
- Anni Snyman – 083 252 2035 (**Johannesburg**: Grafiese kunstenaar; die aasvoëlontwerper; medeleier van die landkunsprojek)
- PC Janse van Rensburg – 082 788 2624 (**Kaapstad**: Argitek en kunstenaar; medeleier van die landkunsprojek)

Baie dankie aan Christo König van König Coffee Roasters wat vir ons kunstenaars elke dag 'n gratis koppie koffie gaan bedien (*if it is your cup of tea*). Bridge Co Creators en al die medewerkers is opreg dankbaar vir hierdie aromatiese gebaar.

(Daar is nog vele ander borgskap-geleenthede beskikbaar. Ander persone en instansies het ook al reeds skenkings gemaak wat ons later gaan vermeld.)



Kuruman Animal Welfare Society
WPC 08217986470006

NM
Toyota Kuruman

OBC
Author Outdoors

Red Run

RED SANDS
Country Lodge

Jumping Kids
and more

LENTE Brak-Trap

5KM

RED SANDS COUNTRY LODGE
(15KM DUITTE KURUMAN)

SATERDAG | 08 NOV, 2025 | 06:30 - 07:00

INSKRYWING: R50 / PERSOON (EERSTE 150 INSKRYWINGS KRY N GRATIS T-HEMP)

- BUFFET ETE: VOLWASSE - R95 / KINDERS - R75 (PRYSE SLEGS GELDIG VIR DEELNEMERS)
- SPRINGKASTEEL VIR DIE KINDERS
- ROOMYS TE KOOP NA DIE TYD

VIR MEER INLIGTING: CONET: 082 805 7354